**Wat gely het onder Pontius Pilatus (OP251)**

**Joh 19:1-16**

**22 Maart 2026**

Laaskeer het ons gekyk na die eerste deel van die Here Jesus se verhoor voor Pilatus. Ons het daarop gelet alhoewel dit nie gelyk het of hierdie verhoor geregtigheid sou bewerk nie, het die Here juis deur hierdie gebeure ware geregtigheid bewerk deurdat Sy Seun die vervloekte geword het. Ons het gesien alhoewel die Here Jesus aangekla is dat Hy die Koning van die Jode sou wees, was Hy inderdaad die ware, hemelse Koning wat Sy wêreldwye en ewige koninkryk kom vestig het. Alhoewel dit onregverdig gelyk het toe die skuldige Barabbas vrygelaat is, terwyl die onskuldige Here Jesus oorgelewer is, was dit juis deur hierdie gebeure dat die Here deur Sy Seun ware vrylating bewerk het. Ons het ook daarop gelet dat die Here Jesus nie net gekom het om van die waarheid te getuig nie, nee, Hy is die waarheid – al was Pilatus nie daarvan oortuig nie, en al is daar steeds baie mense vandag wat nie hiervan oortuig is nie. Dit is alleen deur in Hom te glo, dat ons na die Vader kan kom. Dit is die waarheid.

Vandag wil ek graag stilstaan by die tweede gedeelte van die Here Jesus se verhoor voor Pilatus, soos beskryf in Joh 19:1-16. Ek wil eers sistematies deur die gebeure werk, en daarna wil ek op die volgende drie punte fokus wat uit hierdie gebeure duidelik word: (1) Die boosheid van die mens se hart, (2) Die liefde van die Here Jesus, en (3) Die genade van die Here God.

<u>Gebeure in Joh 19:1-16</u>

Lees Joh 19:1 en 16. Vers 1 sê Pilatus het die Here Jesus laat gesel, en vers 16 sê Pilatus het die Here Jesus uitgelewer om gekruisig te word. Ons moet dus aflei dat die gebeure in Joh 19 is 'n beskrywing van die geseling en ander gebeure voor die Here Jesus oorgelewer is om gekruisig te word. Maar vergelyk dit nou met Mark 15:15: Hier word gesê dat Pilatus die Here Jesus oorgelewer het om gekruisig te word, en dan lees ons vanaf vers 16 dat Hy gegesel is. Dit lyk of Joh 19 sê Hy is eers gegesel en toe oorgelewer om gekruisig te word, en Mark 15 andersom. Carson redeneer die beste manier om dit te verstaan is dat daar moontlik twee periodes van geseling was: een voor en die ander een na Hy oorgelewer is, wat ook moontlik kan help om te verklaar hoekom die Here Jesus so swak was toe Hy Sy kruis moes dra. Ek laat die saak daar, en wil nou fokus op Johannes se beskrywing.

Onthou dat Pilatus alreeds in Joh 18:38 erken het dat hy geen skuld in die Here Jesus kon vind nie – tog laat hy Hom nou gesel. Heelwaarskynlik was Pilatus se bedoeling met hierdie geseling om die Jode tevrede te stel – as hy die Here Jesus laat gesel, is die Here Jesus immers gestraf, en miskien sal die Jode dan afsien van hulle fanatiese veroordeling van die Here Jesus. Moontlik het Pilatus ook gedink dat deur die geseling die Here Jesus ook 'n les kan leer sodat Hy in die toekoms versigtiger sal optree. In elk geval is geseling beter as om die Here Jesus te laat kruisig – volgens Pilatus.

Lees Joh 19:2-3. Hier lees ons die detail van die geseling. Hulle het 'n kroon van doringtakke gevleg en op Sy kop gesit – immers is Hy die Koning. Hulle het vir Hom 'n purperrooi mantel omgehang – immers is Hy die Koning. Hulle het spottend na Hom verwys as die koning van die Jode – immers is Hy die Koning. I.p.v. om Hom met 'n soen te groet, het hulle Hom herhaaldelik geklap. Nie net het die Here Jesus fisies gely nie, Hy is ook verneder en gespot.

Lees Joh 19:4-5. Nou bring Pilatus die Here Jesus weer uit na die Jode toe, en wys Hom aan hulle – steeds met die kroon op Sy kop en die mantel om – maar Hy is opgeswel van die geslanery, Hy is bebloed weens die dorings op Sy kop – Hy lyk eenvoudig pateties en swak. En dan maak Pilatus die

uitspraak: “Kyk, die mens!” Wat bedoel Pilatus? Wel, die Jode het die Here Jesus aangekla dat Hy ‘n Koning is, dat Hy selfs ‘n bedreiging vir die keiser is. Maar Pilatus wys vir hulle hoe verspot hulle aanklag is: Kyk hoe lyk die Here Jesus nou: pateties, swak, bebloed. Is Hy ‘n Koning? Dis tog duidelik Hy is nie – Hy is maar net ‘n mens. Pilatus spot die Here Jesus aan die een kant – so ‘n patetiese figuur kan tog nie ‘n Koning wees nie; en hy spot ook die Jode aan die ander kant – hoe kan hulle hulle tyd mors om so ‘n patetiese figuur aan te wil kla dat Hy ‘n Koning is – Hy is maar net ‘n mens. In ‘n sekere sin is Pilatus reg: die Here Jesus is ‘n mens – immers is Hy gebore vanuit Maria. Maar in ‘n ander sin was Pilatus totaal verkeerd: die Here Jesus is baie meer as ‘n mens – Hy is die Woord wat mens (vlees) geword het (Joh 1:14).

Lees Joh 19:6. Die Jode is verontwaardig omdat Pilatus met hulle spot. Hulle reaksie is om opnuut te skreeu: “Kruisig, kruisig!”. Dit word vir Pilatus duidelik dat sy plan om die Here Jesus te laat gesel om sodoende die woede van die Jode te stil, nie gewerk het nie. Gefrustreerd sê hy dan vir die Jode hulle moet maar die Here Jesus vat en Hom kruisig as dit dan is wat hulle wil hê – hyself sien nie kans om dit te doen nie, want hy vind geen skuld in die Here Jesus nie.

Lees Joh 19:7. Die Jode raak ook gefrustreerd. Hulle sien ook dat hulle nie vorder om hulle doel te bereik nie. So hulle verander ook van koers: Ewe skielik bring hulle ‘n nuwe aanklag teen die Here Jesus. Tot nou toe het hulle klem gelê op die Here Jesus se Koningskap omdat hulle gedink het dit is waarmee Pilatus eerder sou kon identifiseer, maar siende dat dit Pilatus nie oortuig het nie, bring hulle ‘n nuwe klag: Die Here Jesus moet sterf, want Hy het Homself die Seun van God gemaak, en dit is teen hulle wet. Die “wet” waarna hulle verwys, is die voorskrif in Lev 24:16: “Die een wat die Naam van die Here laster, moet beslis sterf.” Kom ons kyk na wat vroeër die nag voor die Sanhedrin gebeur het om dit beter te verstaan. Lees Mark 14:61-64. Hieruit is dit duidelik dat die probleem wat die Sanhedrin gehad het, was juis dat die Here Jesus self erken het Hy is die Christus, die Seun van die Lofwaardige, dit is: die Seun van God, en ook die Seun van die Mens. Volgens hulle was dit godslasterlik, en daarom het hulle geoordeel Hy moes sterf. Siende dat hulle klag van Sy Koningskap nie Pilatus oortuig nie, bring hulle nou hierdie klag – wat eintlik die klag is waaraan die Sanhedrin Hom skuldig bevind het.

Lees Joh 19:8. Pilatus word bang. Hoekom? Pilatus was tog nie ‘n gelowige wat respek gehad het vir God nie – hoekom word hy bang as hy hoor die Here Jesus beweer Hy is die Seun van God? Al was Pilatus nie ‘n gelowige nie, was hy waarskynlik bygelowig. Hy het waarskynlik gehoor dat daar sekere mense is wat goddelik is, of van goddelike afkoms is, en hy was waarskynlik onseker hoe hy sulke mense moet hanteer. En nou blyk dit dat die Here Jesus dalk so ‘n goddelike mens kan wees. Wat dit nog erger maak – hy het sopas vir die Here Jesus laat gesel. Wat gaan die gevolge hiervan wees vir hom persoonlik? Tasker wys in sy kommentaar daarop dat die term “seun van god” was ook die term waarmee die keiser na homself verwys het. En nou is hier ‘n man voor hom, wat hy as onskuldig bevind het, wat beweer Hy is die Seun van God. Dit alles maak Pilatus bang. Geliefdes, kan ek jou vra: “Wat is jou reaksie as jy hoor die Here Jesus is die Seun van God?” Die Jode het dit gehoor, en geoordeel die Here Jesus moet sterf. Pilatus het dit gehoor, en bang geword. En jy? Vervul dit jou ook met woede en veroordeling? Of dalk met vrees wat jou lamlê? Of dalk met ‘n traak-my-nie-agtige ”whatever”? Of vul dit jou met groot respek, vrees en verwondering wat lei tot ware aanbidding?

Lees Joh 19:9. Pilatus neem die Here Jesus terug na die pretorium. Toe hulle alleen is, vra hy vir die Here Jesus: “Van waar is U?” Pilatus kan nie help om te begin wonder oor wie die Here Jesus nou werklik is, en waarvandaan Hy kom nie. Maar die Here Jesus het hom nie geantwoord nie. Laasweek het ons gesien dat die Here Jesus alreeds teenoor Pilatus getuig het Hy het juis na die wêreld gekom om oor die waarheid te getuig. Pilatus was egter nie in die minste geïnteresseerd in wat die Here

Jesus vir hom sê nie. Sy enigste reaksie was 'n siniese vraag: "Wat is waarheid?" Pilatus mag nou vrae vra, maar dit is glad nie duidelik of Pilatus werklik die antwoord wil hoor nie. Daarom antwoord die Here Jesus hom nie.

Lees Joh 19:10. As die Here Jesus nie Pilatus se vraag antwoord nie, en net stilbly, oordeel Pilatus die Here Jesus bly stil uit onkunde sonder om die moontlike implikasies te besef – immers hy, Pilatus, het die volmag om die Here Jesus vry te laat of te laat kruisig.

Lees Joh 19:11. Nou reageer die Here Jesus wel. Hy verduidelik aan Pilatus dat die volmag wat Pilatus het, het hy bloot omdat dit aan hom gegee is – en, boonop, dit is aan hom van Bo gegee, m.a.w. dit is aan hom deur die Vader gegee. En dan gaan die Here Jesus voort, en verduidelik aan Pilatus dat die een wat Hom aan Pilatus oorgelewer het, is skuldig aan 'n groter sonde as Pilatus. Wat bedoel die Here Jesus met hierdie stelling? Kom ons besin eerstens oor wie die een is wat die Here Jesus oorgelewer het aan Pilatus? Dikwels is ons eerste reaksie dat dit Judas Iskariot was – immers het hy die Here Jesus verraai en gehelp dat Hy gevange geneem is. Maar Judas het nie werklik die Here Jesus aan Pilatus oorgelewer nie – sy rol was grootliks om die Here Jesus aan die Joodse leiers oor te lewer. Boonop, Judas was nie die een wat die hele plan om die Here Jesus te laat doodmaak, bedink het nie. Dit was die Jode – veral die Joodse leiers. Die Here Jesus verwys in vers 11 egter na 'n enkele persoon wat Hom oorgelewer het. Ons moet dus aan een spesifieke Joodse leier dink wat die Here Jesus oorgelewer het. Kommentatore is dit eens dat ons dan aan Kajafas moet dink – immers was hy die hoëpriester, en immers is die Here Jesus vanaf hom na Pilatus gebring – kyk maar weer na Joh 18:28. Maar hoekom sê die Here Jesus nou aan Pilatus dat Kajafas skuldig is aan 'n groter sonde as Pilatus? Wel, Kajafas was 'n Jood, en boonop was hy die hoëpriester. As daar een persoon was wat die koms van die Christus moes verwag het, was dit hy. As daar een persoon was wat die volk moes lei om die Ware Hoëpriester te kon identifiseer, was dit hy. Hy het toegang gehad tot al die Ou Testamentiese profesieë, hy moes die volk hierin onderrig. Maar toe die Here Jesus as die Ware Hoëpriester kom, was Kajafas nie die een wat Hom erken het as die Ware Hoëpriester nie, nee, hy was eerder die een wat in beheer is van die verhoor voor die Sanhedrin wat besluit die Here Jesus moet aan Pilatus oorgelewer word met die doel dat Hy moet sterf. Kajafas het dit aktief bewerk dat die Here Jesus voor Pilatus staan. Pilatus daarenteen was tot dusver relatief passief betrokke. Hy is net die regter wat nou die aanklag van die Jode moet verhoor. Hy het dit nie beplan nie. Ja, hy is verantwoordelik om dit regverdig te doen. Ja, as hy later die Here Jesus oorlewer om gekruisig te word, is hy ook skuldig. Maar die Here Jesus oordeel Kajafas het meer skuld as Pilatus, want Kajafas het t.s.v. sy meerdere kennis oor die koms van die Christus, steeds die oorlewering van die Here Jesus bewerk, terwyl Pilatus hoogstens betrek is by die verhoor uit hoofde van sy posisie. Beide is skuldig, maar Kajafas is meer skuldig as Pilatus. Die punt wat die Here Jesus eintlik aan Pilatus maak is die volgende: Pilatus dink hy is in beheer, hy dink hy het volmag oor die Here Jesus om te doen wat hy goeddink. Maar wat Pilatus nie besef nie, is dat hy maar net een speler is in 'n baie groter saak. Die saak word beheer van Bo af – deur die Vader. Die saak kom al 'n lang pad. Kajafas weet baie meer van die lang pad – en hy het hom verset teen die Here se plan. Maar dit word alles van Bo af beheer. Pilatus het nou maar sopas op die toneel verskyn. Hy mag dink hy het volmag, maar hy is maar net een persoon, wat nou vir 'n kort rukkie op die toneel is. Maar dit is alles deel van 'n baie groter plan. Pilatus is skuldig, maar daar is ander wat meer skuldig is as hy – byvoorbeeld Kajafas.

Lees Joh 19:12. Dit is asof Pilatus nuwe energie kry. Die Here Jesus het mos nou geoordeel hy is nie die grootste sondaar in hierdie saak nie, so hy probeer opnuut om die Here Jesus vry te laat. Maar die meer skuldige Jode wil niks weet nie. Weereens verander hulle hulle argument. Nou redeneer hulle nie meer oor die Here Jesus se Koningskap of selfs oor Sy Godheid nie, nee, nou val hulle Pilatus aan. Nou beskuldig hulle Pilatus dat as hy die Here Jesus sou vrylaat, dan sal dit 'n aanduiding

wees dat Pilatus nie ‘n vriend van die keiser is nie. Dit is verstommend: die Jode argumenteer nou ten gunste van die keiser. Dit was ook die Jode wat in Joh 8:33 ev geredeneer het hulle is niemand se slawe nie, want hulle is die nageslag van Abraham. Maar nou is hulle skielik bereid om hulleself met die Romeinse keiser te vereenselwig. In Joh 8:34 het die Here Jesus vir hulle gesê: “Amen, amen, Ek sê vir julle: Elkeen wat sonde doen, is ‘n slaaf van die sonde.” Hulle optrede hier maak dit duidelik dat hulle voorwaar slawe van die sonde is.

Lees Joh 19:13-14. Pilatus bring nou die verhoor tot ‘n einde – hy gaan sit op die regbank, op die plek wat Klipplaveisel genoem word. Vers 14 sê dit was die Voorbereidingsdag vir die Pasga. As ons lees van die Voorbereidingsdag vir die Pasga, is ons eerste reaksie dit is die dag waarop die voorbereidings vir die Pasga getref sou word, dat dit die dag is waarop die paaslam geslag sou word. Maar onthou dat die Here Jesus saam met Sy dissipels alreeds die vorige aand die pasga geëet het. Dit is egter so dat die term “Voorbereidingsdag” ook dikwels gebruik is vir die dag waarop voorbereidings vir die Sabbat gemaak is. Die Sabbat was op die Saterdag, en die Voorbereidingsdag vir die Sabbat dus op die Vrydag. As ons nou lees van die “Voorbereidingsdag vir die Pasga” beteken dit waarskynlik dit was die Vrydag van die Paasfees, wat die Voorbereidingsdag is van die Sabbat tydens die Paasfees. Vers 14 sê ook dit was die sesde uur. Daar is verskillende opinies oor hoe laat dit was: Sommiges reken dit was 12h00 die middag, maar die meeste kommentare wat ek lees reken dit was 6h00 die oggend.

Lees Joh 19:15-16. Weereens dring die Jode daarop aan dat die Here Jesus gekruisig moet word. As Pilatus vra of hy hulle Koning moet kruisig, verklaar die leierpriesters hulle het nie ‘n koning nie – hulle het slegs die keiser. Dit is skokkend tragies: die leierpriesters sê hulle het nie ‘n koning nie. Wat dan van die Dawidverbond waar die Here beloof het dat daar Iemand uit die nageslag van Dawid sal kom wat vir ewig op Sy troon sal sit. Hulle trek effektiewelik ‘n streep hierdeur deur te beweer hulle het net die keiser! Daarna lewer Pilatus die Here Jesus uit om gekruisig te word.

Dit is die gebeure rakende die verhoor van die Here Jesus voor Pilatus. Ek wil nou besin oor wat ons uit hierdie gebeure leer. Mark Johnston vra ‘n interessante vraag: Hy herinner ons daaraan dat een van die twaalf artikels in die Apostoliese geloofsbelydenis, lui soos volg: “(Ons glo in die Here Jesus) wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is, wat die angste van die hel tot in die dood toe ondergaan het”. Die vraag wat Mark Johnston vra, is: Is dit reg dat die lyding van die Here Jesus onder Pilatus so ‘n prominente plek in die 12 Artikels inneem? Ons kan verstaan dat die maagdelike geboorte genoem word, of die kruisiging, of Sy sterwe en begrafnis. Maar is die lyding voor Pilatus so belangrik dat dit ook in hierdie kort belydenis van ons geloof opgeneem moet word? Die feit dat dit wel opgeneem is, suggereer dat dit ‘n belangrike deel van die Here Jesus se lyding was. Maar dan is die volgende logiese vraag: Wat moet ons leer uit hierdie gebeure? Mark Johnston beskryf drie sake waarvan ons deeglik moet kennis neem uit hierdie gebeure:

<u>Die boosheid van die mens se hart</u>

Kom ons dink oor die mense wat daardie dag by die verhoor betrokke was:

- Kom ons dink eers oor die soldate. Die soldate was rowwe manne. Hulle was gewoond aan geweld. In ‘n sekere sin moet ons sê dit is inherent deel van hulle werk, dit is waarvoor hulle opgelei is. Daarom is ons miskien nie so verbaas nie om te lees dat wanneer die Here Jesus aan hulle gegee word om gegesel te word, dat hulle dit dan na behore doen: hulle gebruik fisiese geweld, hulle pynig die Here Jesus met die doringkroon en met die geslanery. Hulle verkleineer Hom ook met hulle siniese gespot. Ja, ons verwag dit van soldate, maar dit bly

tragies dat hulle dit met soveel oorgawe doen, en dit terwyl die Here Jesus onskuldig is. Hoe het dit gebeur?

- Kom ons dink aan Pilatus. Pilatus het self bevind en getuig dat die Here Jesus onskuldig is. Trouens hy het getuig hy vind geen skuld in die Here Jesus nie. Hy was die regskenner. Hoe gebeur dit dan dat hy dit geregverdig het dat die Here Jesus gegesel en bespotlik gemaak moet word? Ja, ons kan redeneer hy wou daardeur die Jode laat afsien van hulle oortuiging die Here Jesus moet gekruisig word, maar regverdig dit die opdrag om Hom te gesel? En dan word dit self nog erger: Pilatus hoor dat die Here Jesus gesê het Hy is die Seun van God. Hy het kennis geneem hier is meer ter sprake as net nog 'n verhoor – hy het selfs bang geword, want hy het tot 'n mate begryp hier is 'n geestelike dimensie by betrokke waarvan hy nie veel verstaan het nie. Ja, hy het probeer om die Jode te oortuig dat Hy die Here Jesus kan vrylaat, maar toe hulle hom dreig met die argument dat hy nie 'n vriend van die keiser is as hy die Here Jesus laat vrylaat nie, toe hou hy op om die Here Jesus se onskuld te verdedig – nee, toe gaan sit hy op die regbank en hy gee die Here Jesus oor – nie net om gegesel te word nie, maar om gekruisig te word. Na 'n verhoor van slegs 'n paar uur, waartydens hy die meeste van die tyd oortuig was die Here Jesus is onskuldig, tog laat hy Hom kruisig. Hoe het Pilatus tot hierdie punt gekom?
- Die leierpriesters was tog gesiene en gerespekteerde mense in die samelewing. Trouens hulle was die geestelike leiers wat die volk moes lei en leer. Hulle moes juis die Skrifte bestudeer. Hulle moes juis die Here Jesus kon erken as die beloofde Christus. Maar hulle het nie. Hulle het eenvoudig die punt bereik dat die Here Jesus moet sterf. Hulle was bereid om enigiets te doen om dit te laat realiseer. Hulle sal hulle aanklagte na willekeur verander soos wat dit op daardie stadium goed lyk, hulle sal die Here Jesus se lering verdraai, hulle sal selfs die Ou Testamentiese beloftes van die Here oorboord gooi – solank die Here Jesus tog net gekruisig word. Wat is dit wat hierdie leiers oortuig het dat dit regte pad is om te stap?

Geliefdes, die antwoord in aldrie gevalle is dieselfde: Dit maak nie saak of jy 'n soldaat is of die goewerneur of die hoëpriester is nie. Dit maak nie saak of jy 'n polisieman of -vrou of 'n soldaat of 'n regter of 'n minister in die regering of 'n dominee of 'n ouderling of net 'n gewone landsburger is nie – ons het almal dieselfde probleem: Van nature is ons almal boos. Joh 3:19 sê: "En dit is die oordeel: Die lig het in die wêreld gekom, maar die mense het die duisternis liefgehad bo die lig, omdat hulle dade boos was." Lees Rom 3:9-18. Van nature is ons monde vol vervloeking en bitterheid, haastig om bloed te vergiet, die pad van vrede ken ons nie, en ons het geen vrees vir God nie. Rom 8:7 sê: "Die denke van ons sondige aard is vyandskap teen God, dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie." Dit is selfs waar van die mees ordentlike mense in ons samelewing. Is jy nog verbaas die nuus van ons dag lyk soos wat dit lyk? Want die wêreld is van nature vol van die ekwivalent van die destydse Romeinse soldate, Pilatusse as regeerders, en Kajafasse wat eiesinnig selfs geestelike leiding wil gee. Dit is 'n ernstige probleem.

<u>Die liefde van die Here Jesus</u>

Destyds het Pilatus die Here Jesus na die geseling na die volk gebring en vir hulle gesê: "Kyk, die mens!" En die punt wat Pilatus wou maak is dat die Here Jesus net 'n patetiese swakkeling was. Na die geseling was Hy swak, vol wonde, opgeswel van die geslaan, bebloed van die doringkroon, uitgeput na 'n nag sonder slaap, 'n nag van worsteling – geestelik, emosioneel en fisies. Kyk, die mens! Sy punt was die Here Jesus hou geen bedreiging in nie – nie vir hom nie, nie vir die keiser nie, nie vir die Jode nie – net 'n mens, soos hulle almal. Daar is vandag steeds baie mense wat ook so redeneer: As dit hoegenaamd waar is dat die Here Jesus 2000 jaar gelede geleef het, dan was Hy hoogstens net 'n mens. Kyk, die mens.

Maar Pilatus het die punt gemis. Al was die Here Jesus op die oog af pateties en swak, was Hy in werklikheid sterk. Want, sien, Hy is nie maar net ‘n mens nie. Ja, Hy is ‘n mens. Hy is volledig mens. Maar Hy is meer as mens. Hy was ook terwyl Hy die doringkroon opgehad het, terwyl Hy die mantel omgehad het, terwyl Hy bebloed en stukkend daar staan, was Hy ook God. Hy het steeds bonatuurlike krag gehad. Hy het toegang gehad tot ‘n skare engele wat Hy sou kon stuur om Pilatus en die leierpriesters en die Jode te vernietig. Maar Hy het nie. Want Hy het verstaan wat besig was om te gebeur – dinge waarvan Pilatus en die soldate en Kajafas en die leierpriesters niks verstaan het nie. Hy het vroeër die nag die hele saak weereens met Sy hemelse Vader uitgeklaar – Hy moet die lydensbeker drink. Hy doen dit want Hy wil die straf op die sonde dra ter wille van die mense wat aan Hom en Sy Vader behoort. Toe Hy stilgebly het voor Pilatus, was dit nie omdat Hy nie geweet het wat om te antwoord nie, dit was ook nie uit hulpeloosheid nie. Nee, Hy het presies verstaan waarmee Hy besig is.

Ja, Pilatus mag uitroep: “Kyk, die mens!” Maar ‘n paar jaar vantevore het Johannes die Doper al uitgeroep: “Kyk, die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem”. Daarvan het Pilatus niks verstaan nie, en ook nie Kajafas en die Jode nie. Die mense van ons tyd wat ook redeneer die Here Jesus was net ‘n mens, verstaan ook niks hiervan nie: Hy is ‘n mens, maar Hy is ook die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem. En die rede waarom Hy bereid was om dit te doen, was omdat Hy gedring was deur Sy liefde vir Sy Vader, en Sy liefde vir die mense wat die Vader aan Hom gegee het.

<u>Die genade van die Here God</u>

In vers 10 was Pilatus kwaad en gefrustreerd en vra aan die Here Jesus: “Weet U nie dat ek volmag het om U vry te laat, maar ook volmag om u te laat kruisig nie?” Die Here Jesus se antwoord aan Pilatus was dat daardie volmag aan hom gegee is – dit is van Bo aan hom gegee. Dit beteken Iemand baie groter het dit aan Pilatus gegee – dit was natuurlik die Here God wat dit aan Pilatus gegee het. Pilatus het gedink hy is in beheer, maar enige mate van beheer wat hy gehad het, is deur die Here God aan hom gegee.

Maar nou kan ons heeltemal tereg vra: As die Here God in beheer was, hoekom het Hy al hierdie geweld en onreg toegelaat? En die antwoord hierop is: Want dit is hoe dit moes gebeur. In Jes 53:10 lees ons die volgende: “Maar die Here het verkies om Hom te verbrysel, Hy het Hom siek gemaak.” Hoor jy dit? Die Here God het verkies om die Here Jesus te verbrysel. Die Here God het verkies dat Pilatus Hom oorgegee het om gegesel en gekruisig te word. Of kyk na Hand 2:23: “Julle het hierdie man, wat deur die vaste plan en voorkennis van God uitgelewer is, deur die hand van wettelose mense gekruisig en doodgemaak.” Hoor jy dit? Pilatus se oorlewering van die Here Jesus het geskied soos bepaal in God se vaste plan en volgens Sy voorkennis.

Maar nou kan jy steeds vra hoekom het die Here God dit deel van Sy plan gemaak? Wat is Sy doel hiermee? Kyk na vers 16. Pilatus het die Here Jesus uitgelewer om gekruisig te word. En tot ‘n groot mate is dit die einde van Pilatus se rol. Al wat ons verder van hom lees is dat hy later daardie dag toestemming sou gee dat die Here Jesus se liggaam van die kruis afgehaal kon word na Hy gesterf het. Pilatus se rol is uitgedien. Al daardie gespog oor sy volmag is nou verby. Maar dit beteken glad nie dat die Here God klaar is nie. Lees Rom 8:32. “Hy wat selfs Sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom ter wille van ons almal oorgelewer het (o.a. deur Pilatus en Kajafas) – hoe sal Hy nie ook saam met Hom alles aan ons skenk nie?” Pilatus het gedink dis die einde van die Here Jesus. Die Jode het ook daardie Vrydagaand gedink hulle is finaal van die Here Jesus ontslae – nou kan hulle in rus en vrede die Pasga vier. Maar dit was nie die einde van die Here God se plan nie. Nee, Hy wou dat die Here Jesus oorgelewer word, sodat Hy kon sterf, sodat Hy geregtigheid kon bewerk, sodat Hy die

duiwel kon oorwin, sodat Hy die dood kon oorwin, sodat Hy kon opstaan, sodat Hy kon opvaar hemel toe om oor alles te regeer, sodat Hy as Regter weer kan kom. Die Here God doen dit alles. As jy van volmag wil praat, die volmag lê by die Here. En hoekom doen Hy dit? Rom 8:32 sê sodat Hy saam met Hom aan ons alles kan skenk! Alles! Deur die Here Jesus gee die Here God aan die gelowiges alles: Geregtigheid, heiligheid, heerlikheid, die ewige lewe in ware gemeenskap met Hom – alles! Pilatus en Kajafas het maar 'n klein rol gespeel in die Here God se plan. Hy het die volmag. En Hy doen dit omdat Hy die genadige God is, wat Hom ontferm oor Sy kinders – tot so 'n mate dat Hy aan hulle alles wil gee.

Daarom maak dit sin dat die belydenis "wat gely het onder Pontius Pilatus" ingesluit is in die Apostoliese geloofsbelydenis. Dit herinner ons aan die boosheid van die natuurlike mens se hart, dit herinner ons aan die liefde van die Here Jesus wat al hierdie wrede gedrag verduur het in ons plek, dit herinner ons aan die genade van die Here God wat saam met en deur Sy Seun aan ons alles wil skenk – en hierdie lyding voor Pilatus was 'n integrale deel van Sy plan om aan ons alles te gee!